



Hulp en Hoop

Kwartaal 1

APRIL 2024

KERKKANTOOR

PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiël :

Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :

Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

Sentrumbestuurder:

Jaco Koekemoer
082 688 5971

LERAAR

Ds Jacques Erasmus
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

WEBBLAD

www.nghulpenhoop.co.za

FACEBOOK

www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

GEDENKTUIN NAVRAE

Besoek die Kerkkantoor

SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS

Jaco Koekemoer
082 688 5971

Van Paasfees tot Pinkster (die Paassiklus)

Paasfees

31 Maart - 19 Mei 2024

DIE PAASSIKLUS sluit in Paasfees, Hemelvaart en Pinksterfees.

Pasga is 'n belangrike fees in die Joodse liturgie. Gedurende die fees herdenk hulle die verlossing van Israel uit Egipte. Dit is elke jaar getrou gevier met vreugde en in afwagting op die koms van die Messias. Paasfees het vir Christene die fees geword om die opstanding van die Here te vier, die seisoen van nuwe lewe.

Die Christelike geloof en die kerk het uit die geloof in die opstanding van Jesus Christus ontwikkel. As Jesus nie na sy opstanding aan die verslae dissipels verskyn het nie, sou daar nie so iets soos die Christelike geloof of die kerk bestaan het nie.

Die tyd tussen Paasfees en Pinkstersondag, 'n tydperk van 50 dae, staan bekend as Paastyd

Hemelvaart

9 Mei 2024

JESUS SE HEMELVAART word gevier op die Donderdag veertig dae na Paasfees en tien dae voor Pinkster. Die viering van Hemelvaart help ons om te besef dat godsdiens nie 'n abstrakte saak is nie, maar alles met ons aardse bestaan te doen het. Hemel en aarde raak as't ware aan mekaar en is eintlik deel van een groter entiteit. Beide die hemel en die

aarde word "God se woonplek" in die Bybel genoem. God is "tuis" by mense en mense is "tuis in die huis van die Here". Die kleur vir Hemelvaart is wit.

Pinkster

19 Mei 2024

PINKSTER is 'n Joodse fees wat 50 dae na die Pasga gevier word. Dit staan in die Bybel bekend as die "Fees van Weke" (Lev 23:15-21; Deut 16:9-10), 'n oesfees wat met groot vreugde en feesviering gevier is vir die oes wat ingesamel is. In die tyd van die Nuwe Testament is die fees ook verbind aan die gee van die Wet, die Tora, op Sinai. In Handeling 2:1 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees tydens hierdie fees. Dit is die geboortedag van die Kerk van Christus, die dag dat die Here begin het om Sy oes in te samel. Op hierdie dag is die dissipels bemaatig om die evangelie van Jesus oor die hele wêreld uit te dra.

Die tyd tussen Paasfees en Pinkster is die belangrikste tyd in die kerkjaar. Die kleur van Pinkster is vuurrooi wat die vuurtongte wat op die dissipels neergedaal het, simboliseer. Dit simboliseer ook die vuur wat in die harte van mense brand om die liefde van God in die wêreld sigbaar te maak.

In die NG Kerk word die viering van Pinksterfees tradisioneel voorafgegaan met 'n week van bidure.

Oorgeneem van NG Constantia



In die uitgawe

- GEMEENTE FINANSIES 2
- GRIEFSHARE 2
- KATEGES EN JEUGBEDIENING 3
- WORSHIP / LOFPYRINGSGELEENTHEDE 3
- AKSIE JONK VAN GEES 3
- GEMEENTEFOTO'S 4



UITREIK AKSIES- LEEUWKUIL SKULINGHUIS

van ons Allerhoogste – aan Hom kom al die eer toe, het die skulping werklik net begin groei en begin uitbrei.

Die skulping is baie afhanklik van skenkings en ons kan opreg se dat ons voorwaar geseën word op n daaglikse basis.

Huidiglik verskaf ons verblyf en drie etes per dag aan 48 inwoners. Daar kan tans tot +- 60 inwoners gehuisves word.

Ons reik ook uit na n kleuterskool, kinderskool, rehabilitasiesentrum en privaat gesinne wat swaarkry. Daar is huidiglik ongeveer 500 mense wat ons per week voorsien van kos buite ons eie inwoners.

Inwoners help ook in en om die skulping, van kosmaak, verwerking van groente

asook die skoonmaak en instandhouding van die terrein.

Ons wil graag vir NG Hoop en Hulp, Pick & Pay, oom Fred van die AP Kerk Potgietersrus, Rotary baie dankie sê vir julle ondersteuning – dit word opreg waardeer.

Drienie van Wyk (Eienaar)
Elma Hurter/ Elize Poolman/Susan Nel/Jan Smit
(Bestuurspan)

ONS GEMEENTE VERWELKOM
ALLE HULP DEUR DONASIES
VAN KOS, KLERE EN TOILETWARE
SODAT ONS DIT WEER NA DIE
SKULING KAN AANSTUUR

SKAKELPERSOON VIR DIE GEMEENTE
LINDA BINNEMAN 083 235 1047

GEMEENTE FINANSIES

Het jy al gewonder wat gebeur met die geld wat jy vir die kerk gee?

In hierdie artikel gaan ons 'n gemeente se finansies kortliks bespreek. Natuurlik is daar veel meer oor die inkomste en uitgawes van 'n gemeente te sê as wat hiër geskryf staan, maar die doel van hierdie artikel is om sekere "groot woorde", wat in die kerk gebruik word, te probeer verduidelik.

Maandelikse bydraes vs dankoffers

Eerstens is daar 'n verskil tussen 'n "maandelikse bydrae" en 'n "dankoffer". Die meeste mense gebruik altwee hierdie terme vir dieselfde aksie: hulle gebruik dit as hulle na hul finansiële bydrae aan die kerk verwys. Tog lees ons in die Bybel dat gelowiges eerder die term "dankoffer" behoort te gebruik, want dit verduidelik ons gesindheid beter.

Wanneer ons 'n geldelike bydrae vir die kerk gee, dan is ons bereid om iets wat vir ons kosbaar is vir die Here op te offer: 'n Offer uit dankbaarheid.

Wanneer ons egter nie só lojaal aan iets is nie, dan dra ons maar net daarvoor by. 'n Bydrae word byvoorbeeld betaal sodat ek by die plaaslike sportklub kan aansluit of dat ek met my ekstra klasse kan aanhou. Die Kerk is egter nie 'n sosiale klub nie, maar die Liggaam van Christus waar elke lid God en hul naaste kan dien (1 Korintiërs 12).

In die Kerk word ek aan Christus se volmaakte Offer aan die kruis herinner, en daarom is ek bereid om iets vir die Here op te offer. God roep ons elke Sondag saam deur sy Woord en deur sy Gees, en Hy belowe aan ons dat Hy ons elke dag sal onderhou. Dit klink tog baie anders as net 'n instansie waartoe ek bydra?

Die gebruik van 'n belofte-stelsel

'n Belofte-stelsel gebruik, waar die lidmaat 'n sekere geldelike bydrae aan die Kerkraad belowe wat hy/sy beoog om gedurende die jaar te betaal. Dit kan baie voordelig wees vir wanneer die Kerkraad hul begroting aan die begin van die jaar opstel, aangesien die meerderheid van gemeentes se inkomste vanuit die lidmate se maandelikse/jaarlikse bydraes afkomstig is.

Tog kan dit soms gemeentes beperk ten opsigte van die gemeentelike bediening, aangesien aktiwiteite in die gemeente baie keer gekoppel word aan dit wat Lidmate belowe. Tog weet ons dat ons



veel eerder op God moet vertrou as wat ons mense vertrou (o.a. Psalm 146:3) en dat niks vir God onmoontlik is nie.

Maandelikse dankoffer vs kollektes

Maandelikse/jaarlikse dankoffers verskil weer van kollektes/liefdegawes. Dit wat ek op 'n Sondag, tydens die erediens of ná die erediens, in die sakkies gooi, gaan spesifiek vir die versorging van behoeftige lidmate kan óf vir instelling soos 'n kinderhuis.

Waarvoor word dankoffers gebruik?

Jou maandelikse/jaarlikse finansiële bydrae (dankoffer) word deur die kerkraad aangewend. Dit word onder andere gebruik vir die predikant se traktement, om die gemeente se personeel se salarisse te betaal (honoraria), asook vir die instandhouding en versekering van alle geboue (kerkgebou, kerksaal ens) en vir ramings van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

Wie moet almal 'n dankoffer aan God gee?

Baie gelowiges dink dat 'n mens eers 'n salaris moet verdien voordat jy iets vir die kerk hoef te betaal. Maar die Bybel is duidelik daarvoor dat alle gelowiges lede van die liggaam van Christus is, en daarom behoort almal, uit dankbaarheid, te gee. Ek kan dus nou al 'n gedeelte van my sakgeld of toelaag vir die Here teruggee.

Bybelse riglyne vir die gee van 'n offergawe

1. Ek offer graag alles wat ek het, omdat alles wat ek is en het buitendien aan die Here behoort (Psalm 24: 1-2; Romeine 14:7 en 8).
2. Ek offer graag dit wat ek het, omdat ek die Here deur my optrede wil vereer. As ek Hom eer, sorg Hy vir my (Spreek 3:9-10). Daarom gee ek my heel beste vir die Here.
3. Ek gee uit dankbaarheid vir alles wat ek so onverdiend van die Here ontvang. Wat ek gee moet in verhouding wees met wat ek ontvang, anders loop ek die gevaar om God te berooft (Maleagi 3:6-12).
4. Ek gee met vrymoedigheid want God het 'n vrymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:6-12).
5. Ons ontvang die ewige lewe as 'n genadegawe van God. Die feit dat ek geloof in God mag hê, kom nie uit myself nie. Dit is nie iets wat verdien kan word nie. Daarom doen ek iets uit dankbaarheid vir my uitverkiesing en verlossing: ek gee iets wat vir my kosbaar is vir God (Efesiërs 2; 2 Korintiërs 8:6; 9:5 en 7).
6. Die Woordbediening moet in stand gehou word (Numeri 18 en 1 Korintiërs 9:13-15). Dit beteken dat alle lidmate moet toesien dat God se koninkryk, vanuit hulle gemeente, uitkryk na buite.

Om 'n gedeelte van my finansies vir die Here se koninkryk op te offer, is nie 'n las nie maar 'n vreugde! Mag ons dit nie sien as 'n koue bydrae wat ek betaal om 'n lidmaat van die Kerk te mag bly nie, maar eerder as 'n gawe wat ek in alle liefde en met alle dankbaarheid vir die Here wil teruggee.

deur ds. Daniël Myburgh KRUISPAD E-TYDSKRIF

'n Rouproses Ondersteuningsgroep

Hoe werk dit?

GriefShare is 'n program wat deur ons gemeente aangebied word om jou by te staan in jou rouproses na die afsterwe van 'n geliefde. Die program word aangebied deur myself, Ds Jacques Erasmus en Esti Boltman, en is saamgestel en word al vir baie jare wêreldwyd deur kerke gebruik.

Die program bestaan uit 13 sessies wat oor 13 weke een maal per week, aangebied word by ons gemeente. Ek fassiliteer self die sessies

Die program behels dat die groep saam die handleiding deurwerk en 'n kort video kyk wat die week se tema verduidelik. Daarna drink ons saam koffie en deel met mekaar ervarings van jou rouproses. Niemand word gedwing om enige iets te deel waarvoor hulle nie gereed is nie en jy is welkom om sommer net saam te sit en luister.

Wie sal baatvind by die groep?

Enige iemand wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, ongeag of dit 'n maand of 'n paar jaar gelede was. Gemengde groepe van dames en mans, oud en jonk. Almal het wel verlies in gemeen gehad en kan op die manier die pad met die ondersteuning van die groep aanpak. Die kursus is nie net beperk tot NG Kerk Lidmate nie, enige iemand in die gemeenskap is welkom.

Logistieke reëlings

1. Die koste verbonde aan die kursus is R200 (dit is vir die aankoop van die

handleiding). Lidmate van NG Hulp en Hoop wat nie die R200 kan bydra nie, kan gerus met my kom gesels.

2. Die sessies duur gewoonlik maksimum 90min. Dit vind plaas 17:30 tot 19:00 by NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, HF Verwoerdstraat 18 Mokopane (Gemeentesentrum (Konsistorie). Skakel gerus die Kerkkantoor rondom voorlopige datums.
3. Dit is ongelukkig nie 'n program wat digitaal aangebied kan word nie.
4. Dit gebeur soms dat groeplede nie AL die sessies kan bywoon nie. Dit is in orde so, maar die verwagting is wel dat jy jousef sal probeer verbind om soveel as moontlik van die sessies by te woon. Dit is van belang vir jou eie gesond-word-proses sowel as die groepsdinamika.

Hoe skryf ek in?

Jy kan sommer 'n epos aanstuur na admin@ngpottiesuid.org.za met die volgende inligting soos hieronder aangedui of skakel die **Kerkkantoor 015 491 3537**

1. Jou naam en van
2. Jou kontaknommer
3. Jou e-pos adres
4. Wanneer is die persoon/persone oorlede?
5. Wat is jou verwantskap aan hierdie persoon?

Vir navra skakel Ds Jacques Erasmus 072 653 9845

NG Hulp en Hoop

Rouproses Ondersteuning



is 'n program wat jou bystaan in jou
Rouproses, ongeag of jy 'n geliefde n maand of
n paar jaar gelede aan die dood moes afstaan.

1ste Byeenkoms

DINSDAG

16 April 2024

13 sessies wat
strek oor 13 weke

Koste R200 pp

NG Hulp en Hoop lidmate
kan navraag doen oor
subsië

Bespreek by die
kerkkantoor 015 491 3537

Navrae Ds Jacques
Erasmus 072 653 9845

Poster Maker



KATEGESE EN JEUGBEDIENING

Met ons Kategese byeenkomste wil ons graag jongmense help vorm om as dissipels te leef en 'n verskil te maak in die wêreld. Jongmense moet eendag, waar hulle ook al gaan, "kerk" kan wees vir ander.

'n Afrika spreekwoord lui "It takes a village to raise a child", daarom wil ons graag o.a. ons Kategete bedank vir die groot verantwoordelikheid wat hulle op hul skouers geneem het om ons te help om geloof te vestig by ons jongmense!

Hiermee die Kategete se kontakbesonderhede. Neem gerus die vrymoedigheid om jou kind se kategete te skakel indien jy belangrike sake onder sy of haar aandag wil bring.



Wat deesdae op die kerkmusiekfront gebeur, verskil nogal heelwat van een gemeente tot 'n ander. In sommige gemeentes kla die lidmate oor doodsheid van hul erediens, en dan veral die gemeentesang. In ander gemeentes gaan dit weer so vrolik en luid, met 'n orkes en al, dat 'n niksvermoedende besoeker eers seker moet maak of hy wel in 'n Gereformeerde erediens is.

Met hierdie woorde in gedagte het ons tot die besef gekom dat daar 'n groot behoefte onder die Jongmense maar ook ander lidmate bestaan vir Worship / Lofprysingsgeleentede. Ons weet daar is verskillende geloofstipes / spiritualiteite en daarom wil ons graag lidmate wie se geloofstipe die **Hartspiritualiteit** (*Charismaties georiënteerdemens*) is die geleentheid gee om op die manier hul goddiensbeleving te ervaar / uitoefen.

Ons het tans glad nie 'n "band" nie maar wil graag Worship geleentede skep waar jy ook kan deel in die Lof wat na ons Here toe moet kom.

Ons beplan Worship geleentede (aandbyeenkomste) op die volgende datums : 28 April, 26 Mei en 9 Junie.

Nooi gerus jou vriende en familie saam na die geleentede.

Kan jy mooi sing of 'n musiekinstrumente speel, dan is dit nou die geleentheid om deel te word van ons "band" / musiekgroep. Skakel gerus vir ds Jacques in die verband indien jy wil deel word van 'n "band"

Aksie Jonk van Gees

Hierdie is 'n aksie vir alle afgetrede lidmate Jonk van Gees.

Ons Seniors is 'n kosbare deel van ons gemeente. Hulle is aktief betrokke en lewer 'n mooi bydrae tot die gemeentelewe. Die bediening streef daarna om die Seniors op verskeie maniere te bedien wat insluit besoeke, uitstappies, hulpverlening en sosiale interaksie.

Daarom moedig ons seniors aan om self aktief deel te neem aan onderlinge versorging. Niemand ken die behoeftes van seniors beter as seniors self nie! Raak asseblief betrokke waar jy behoeftes beleef, en wat jy van bewus word via die gemeente se kommunikasie platforme.

Ons byeenkomste vind plaas een maal per maand en word afgewissel van 'n saamkuier geleentede by die gemeentesentrum tot heerlike uitstappies... Ons glo vars lug en lag doen almal goed.

Ja en dan is daar altyd die heerlike saameet met elke geleentheid.

Kom sakel gerus volgende keer in! Vir navrae skakel gerus Tokkie Ras of die kerkkantoor

KATEGETE 2024

Anebé	Emmenes	0649087130	
Kara	Steyn	0797702442	Voorskool
Mia	Olivier	0793436849	Graad 1
Katelyn	Blignaut	0606045153	Graad 2
Cherize	Scheepers	0662352163	Graad 2
Magda	De Vos	0827121871	Graad 3
Nicola	Strauss	0765254376	Graad 4
Marinda	Kirchner	0823376623	Graad 5
Megan Mae	Van der Nest	0820676353	Graad 6
Soretha	Kruger	0828616959	Graad 7
Zane	De Wet	0844505338	Graad 8
Corne	Schamrel	0723578191	Graad 9
Karmie	Janse van Rensburg	0738084772	
Ben	Habbig	0824165265	Graad 9
John Ross	Eagar	0713530283	Graad 10
Tanja	Pretorius	0726989413	Belydenis

AFLOSSE

CJ	Claassens	0828585106	
Charmain	Scheepers	0824434990	Aflos
Christa	Darvall	0796959529	Aflos
Cornel	Van Wyk	0825648084	Aflos
Tanja			

KINDERKERK

Juanita	Olivier	0823376666	
Sarie	Fourie	0762412448	
Soretha	Kruger	0828616959	

Aksie Jonk van Gees

JAAR PROGRAM 2024

Byeenkomste vind plaas op Donderdae om 15:00. Behalwe waar anders aangedui.

18 APRIL	Bingo - Kaas en Wyn (Gemeentesentrum)
26 APRIL	Koswaentjie ten bate van die Aksie Jonk van Gees - (Gemeentesentrum)
16 MEI	Uitstappie - Naboomspruit Mauritz Hansen
13 JUNIE	Saamkuier / Memory lane - Potjieskos (Gemeentesentrum)
18 JULIE	Saamkuier - Sop en sjerrie (Gemeentesentrum)
22 AUGUSTUS	Speletjies - Bring en Braai (Gemeentesentrum)
19 SEPTEMBER 9:30	Lente-ontbyt (Tyd 9:30)
17 OKTOBER	Uitstappie - Omgewing
8 NOVEMBER (Vrydag 11:00)	Afsluiting - Gratis 11:00 (Jeughuis - Bring eie eetgerei en drinkgoed)

Kom skakel in by dié aksie vir afgetrede lidmate. Maandelikse byeenkomste van heerlike saamkuiers, speletjies uitstappies ens. Skakel gerus vir Tokkie Ras 082 462 3294 vir meer inligting

KINDERKERK EN KATEGESE



AKSIE JONK VAN GEES



KERKRAAD VISIONERING

BESOEK AAN SKULINGHUIS



DINEE

